


# 10DE MAAND REEKS

## Huisgeloof- en groeigroepmateriaal




**<u>INLEIDING:</u>**

‘n Reis van **nege weke** om te ontdek wat dit werklik beteken om te gee – nie net finansieel nie, maar van **ons tyd, ons gawes en ons besittings.** Hierdie reeks, *“Gawes wat Lewe Bring”*, neem ons stap vir stap deur die Bybelse beginsels van vrygewigheid en help ons verstaan dat gee **’n leefstyl van geloof en vertroue in God** is.

Elke week sal ons fokus op ’n spesifieke aspek van gee: van die besef dat alles wat ons het aan God behoort, tot hoe ons ons tyd, talente en finansies kan gebruik om ander te seën en die Koninkryk van God te bou. Ons sal ook weekliks **konkrete uitdagings hê,** sodat ons nie net hoor en leer nie, maar ook prakties kan leef en ervaar wat dit beteken om vrygewig te wees.

Die doel is dat ons as gemeente nie net finansieel vrygewig is nie, maar dat ons **hart, hand en lewe** geanker word in die gees van gee wat lewe bring – vir ons, vir ander en vir God se koninkryk.

Kom saam met ons op hierdie reis en ontdek hoe **julle gawes lewe kan bring** in die wêreld rondom julle.

**Verloop**

1. **Lief en leed**:

Deel met mekaar hoe dit met elkeen gaan

2. **Gebed**

Tree in vir mense in nood, vir die gemeente en vir mekaar.

3. **Gestuur**

Hou ‘n Whatsapp video oproep met iemand in die stuursel, hoor wat hulle behoeftes is.
Bemoedig en versterk hul en bid oor ‘n moontlike besoek.

## Skrif:

**Teks:**
**Handelinge 2:42–47**

"Hulle het hulle heelhartig **toegewy** aan die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltye en die gebede. Baie wonders en tekens het deur die apostels plaasgevind, en almal was vol ontsag. Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. Hulle het hulle grond en besittings verkoop en die opbrengs aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte. Hulle het hulle daagliks getrou en eensgesind by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltye gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet. Hulle het God geprys en die guns van die hele volk geniet. Die Here het daagliks nuwe mense wat gered word, by hulle gevoeg."

**Sleutelgedagte:**

- Ons gee nie net vir onsself nie, maar vir mekaar. Gemeenskap versterk en gee lewe.

Kyk bietjie mooi rustig na die onder afdelings van toewyding in Handelinge 2. Wat tref julle daarin?

"Hulle het hulle heelhartig **toegewy** aan die

- leer van die apostels en
- die onderlinge verbondenheid,
- die gemeenskaplike maaltye en
- die gebede.

*Notas*

---

---

---

- Ons lees ook hulle was:
- vrygewig en het aan ander se behoeftes help voorsien
- hulle het getrou by tempel bymekaar gekom
- kos met blydskap en eenvoud geëet
- God geprys
- het die guns van die volk geniet
- God het mense wat gered is by hulle gevoeg.

Hierdie leefwyse van toewyding was in die gemeenskap sigbaar. Wat wil God hierdeur vir ons leer?

*Notas*

**Konkrete daad:**

- Kry ‘n oop stoel in die vertrek waar julle bymekaarkom as groep en bid vir wie die Here julle ook al op die hart lê.
- Bied aan om hierdie week in ’n bestaande bediening of klein groep ’n bydrae te maak, selfs ’n klein taak

**Gebed**

Vader, help ons om toegewyd aan U te leef wetende dat ons gestuur is om lig en sout vir die wêreld te wees.